## BOEKBESPREKING

L. H. Stavast: *Evangelism Explosion III*. Beknopte Beoordeling. Verslag opgestel vir en verkrygbaar by die Kerkraad, Gereformeerde Kerk, Pretoria.

Ds. L. H. Stavast wat evangelisasiewerk doen, is deur sy kerkraad gestuur om eerstehands van 11 tot 16 Mei 1979 die EE III „kliniek" van die Coral Ridge Presbyterian Church te Fort Lauerdale, Florida, V.S.A. mee te maak en te beoordeel. Hy gee daarin met bronneverwysings 'n tipering van EE III. 'n Vroeër en meer uitgebreide publikasie kon die inisiatief en koste moontlik in wyer verband nuttig gemaak het. Die positiewe van die beweging is ongetwyfeld die nadruk op die individu, naamlik dat die gelowiges eerder as die „clergy" die evangelie moet uitdra. EE III word egter maar weer 'n internasionale beweging en staan in S.A. onder leiding van pastoor Landman van die A.G.S. Pretoria Noord. Stavast trek 'n parallel tussen EE III en die Metodisme, soos J. D. du Toit dit aan die begin van die eeu beskryf het. Die aantekening aan die slot van die brosjure dui aan dat die skrywer sy standpunt kwalik geneem word. Wat hy betoog laat EE III as „onbruikbaar" gebrandmerk staan. Juis omdat hy in Pretoria evangelisasie doen, sou aan hom gevra kon word hoe oortuigde Gereformeerdes eerder as 'n enkele „clergy-man" evangelisasie doen of behoort te doen. Die positiewe element ontbreek in die brosjure.

B.S.

Dr. P. Rossouw: *Kerkvergaderings*, 1979, N.G. Kerkboekhandel.

Die titel wek die verwagting dat hierdie publikasie prosedure en optrede in kerkvergaderings maklik gaan maak. In dié opsig stel die werk teleur omdat uitsluitend reglemente en bepalinge en praktyk van die N.G. Kerk aan die orde kom. Soms is die voorligting onder 'n bepaalde opskrif deurspek met „los" uitsprake en wenke, asook gemeenplase, party waardevol ander meer cliché-agtig. Binne N.G. kerkstrukture sal die werk seker informatief gebruik kan word.

Dr. Rossouw hanteer in sy inleiding en epiloog op gereformeerde wyse die gemeente as sigbare vergestalting van die universele kerk. Hy wil selfs nie eers ringe en sinodes met „kerkverband" vereenselwig nie. „Kerkverband" vind egter volgens N.G. KO „uitdrukking" in ringe en sinodes. Ten spyte van Rossouw se aandag vir die kerk kruip 'n derde kerkbegrip tog telkens uit (vgl. bv. p. 9) wanneer „kerk" in enkelvoud as subjek en doelbepaler („omskrewe doel van die kerk") na vore tree. Rossouw sê bv.: Die kerk moet nie as 'n „geestelike reisvereniging" o.l.v. kerkvergaderings 'n toerplan uitwerk en geen plek laat vir individuele toerisme nie (p. 5).

Tereg bevraagteken Rossouw die term „presbiteriaal-sinodale" waarmee die N.G. kerkregering aangedui word. Rossouw fundeer die kerkregering egter ook volledig vergaderingmagtig (kollegiaal) met die kerkraad en nie met die ouderlinge nie, as vertrekpunt. Die kerkraad word saamgestel uit „ampsdraers". Die ouderlinge kan as 'n evangelisasiekommissie van die kerkraad en die dakonie as kommissie van die kerkraad differensieer word (p. 17, 74 v). Die ring hou oor die kerkraad en gemeente toesig d.m.v. kerkvisitasie (19 v). Kerkvergaderinge kan hulle magte en opdragte met volmag na „kommissies" delegeer en 'n struktuur van kommissies tree na vore (p. 15, 72 v, 78 v ens). Die „ampsdraers" kom uit die „amp van gelowige" (p. 17) op, d.w.s. basies uit die „gemeente" (wat m.i. ook mag strook met die beginsel van volksoewe-

reiniteit-. Die presbiter verdwyn in en agter die „ampsdraer", 'n benaming wat die instituut, die vergadering voorop stel. „Amp" is „lid" van die kerkraad. Daarom kan „'n aantal kerkraadslede" in 'n konsistorie op Sondae, volgens Rossouw, ook geen geldige besluite neem nie, tensy die kerkraad hulle eers tot 'n „kommissie" gemaak het. (p. 30). Die kerkraad (kollegium) en nie die presbiter nie, vorm duidelik die basis in hierdie kerkregering.

Daarteenoor aanvaar die DKO dat Christus die ouderling, diaken en predikant vir gedifferensieerde *dienste* roep. Daar moet eers meer as drie ouderlinge wees, voordat 'n kerk en kerkraad daargestel kan word. In die presbiteriale kerkregering is die ouderling primêr geroep om te regeer — nie die kerkraad nie. Die dienste gaan by Calvyn en in die DKO die vergaderings vooraf.

Die N.G. opset en praktyk verskil van ons Gereformeerde. By ons is die geloofsbrief 'n wyse en mandaat waarvolgens een kerk (gemeente) saam met meer kerke vergader om sekere besluite met die oog op kerkregering te neem. Deur die geloofsbrief kom kerke saam. In die N.G. opset reël die geloofsbrief egter die afgevaardigde se posisie ten opsigte van 'n reeds bestaande vergadering (p. 31). Die afgevaardigde word „lid" van die vergadering as kerkregerende struktuur. Die betrokke vergadering en nie die plurale kerke nie, word as subjek in besluitneming beskou. Alle leraars en 'n gelyke aantal ouderlinge het „sittingsreg" (vgl. p. 31, 61 ens). 'n Sinode het bevoegdheid om enige kerkwerk, selfs ten opsigte van jeugversorging, te doen (p. 21). Hoewel Rossouw die beginsel wil vashou dat op 'n meerdere vergadering nie behandel moet word wat op 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, open die kerkorde skynbaar die weg dat tipiese versorgingswerk van die gemeente ook op sinodes en ringe aan die orde kom. 'n Voorsitter van 'n kerkvergadering het 'n beslissende stem (p. 62), m.i. juis omdat die vergadering as struktuur subjek van die besluitneming is.

Ander interessante situasies blyk uit die „kerkregskundige" (liefs ook toegerus met gewone regskennis) wat naas die voorsitter en assessor „gespesialiseerde verantwoordelikheid" in kerkvergaderings dra (p. 44). 'n Assessor moet nie te seer kry wanneer hy nie voorsitter geword het nie (p. 43).

Rossouw sê ook behartenswaardige dinge. Kerkreg is die direkte en afgeleide skriftuurlike riglyne waarvolgens die kerk (sic) handel sodat goeie orde bewaar word op pad na bereiking van God se doel met sy bruid — —" (p. 6 v). Hy wil die praktiese reglemente en bepalinge so veel moontlik met die beginsels uit die Skrif laat harmonieer. Wanneer hy egter sonder meer sê dat Christus die meerdere vergadering met gesag beklee het (p. 10), sou mens kon vra: „Waar"? Mens moet seker onderskei tussen bevoegdheid om gesag van Christus te bedien, gesag van die Koning van die Kerk wanneer sy WOORD in kerkregering bedien word en „gesag" waarop die vergadering self aanspraak maak. Laasgenoemde is tog van totaal ander orde en mag juis lei tot openbaring van die valse kerk (art. 29 NGb). Wanneer gesag van kerkvergaderings los van die binding aan die Woord en sonder beperking geponeer word, gebeur eintlik presies wat in die Roomse kerkregering gebeur het. Die verskil is dan net dat Rome vir die biskop op grond van sy instelling gesag opeis terwyl hier vir die sinode (kerkvergadering) op grond van sy instelling gesag opgeëis word. Op sterkte daarvan is dit maklik om in te sien dat bedienende mag heersende en dwingende mag sal word soos herhaaldelik in die krisisse gedurende

die kerkgeskiedenis gebeur het. Nie die „meeste stemme" (p. 66) nie maar bediening van die gesag van Christus bring ons m.i. by ware kerklike gesag. Kerkvergadering mag net so min as die biskop-presbiter (by Rome) kragtens sy daar-wees op dwingende gesag aanspraak maak. Om bloot op grond van struktuur gesag te poneer, kom neer op hierargie (vgl. art. 31, 32 NGb; art. 1 Emden 1571; art. 84 DKO).

Die werk van Rossouw prikkel om te dink oor algemene sake soos agenda (25), die gebruik om die jongste dominee met minste ervaring skriba van die ring te maak (46), die onbestaanbare teenvoorstel, misbruik van amendamente (54) ens., en kan die aanvoeling vir vergaderingprosedure opbou. Kennis van prosedure in verskillende reglemente van N.G. Sinodes wat as bylaes gegee word, is prikkelend. Daar kan met vrug gelet word hoe met amendamente gehandel word ens., en aan die ander kant hoe dit nie gedoen moet word nie wanneer alles en nog wat, selfs kleredrag gereglementeer word! Laat ons Calvyn se waarskuwing ter harte neem en net nodige sake reglementeer om eenheid in gehoorsaamheid aan God te bevorder, en laat die reglemente min wees. Ek meen dat die meeste klassisse en sinodes by ons weggedoen het met „huishoudelike" en „visitasie" reglemente. N.G. Sinodes het ook soos ons met die probleem te doen dat algaande finansiële implikasies maar na 'n finansiële kommissie verwys word met die gevolg dat die einde altyd op 'n inflasionêre begroting afstuur. Rossouw doen aan die hand dat Sinodes wat vooraf eers 'n begrotingsbeleid in die lig van groei-potensiaal bepaal, daagliks stand van die begroting ontvang, en dat alle finansiële aspekte saam deeglik debatteer word (85). Hieroor kan ons ook gerus besin.

„Kerkvergaderings" is dus allesins 'n prikkelende werk, mits onthou word dat Rossouw oor N.G. praktyk en opset skrywe.

B.S.

W. P. Esterhuyse: *Afskeid van Apartheid*. Opstelle oor rassediskriminasie. Tafelberg-uitgewers 1979. Prys R5,50 + AVB.

In hierdie keurig versorgde boek met meer as 100 bladsye worstel prof. W. P. Esterhuyse van Stellenbosch met *apartheid* in die betekenis van rassediskriminasie soos dit mense in die RSA en die Afrikaner in besonder raak. Die skrywer is eerlik, openhartig, opreg en persoonlik intiem betrokke by die gevolge van rassediskriminasie. Hy is professor in filosofie en gebruik soms wetenskaplike terme. Tog is die boekie deurgaans in kort duidelike sinne geskrywe. Hy dui die kanker van rassediskriminasie aan en pleit vir 'n totale strategie in kerk, skool, universiteit en staat om die onheilspellende en mensonwaardige verskynsel uit te roei.

Die opstelle handel oor die vraag wat onder rassediskriminasie en onder rassisme verstaan word. Rassisme is 'n ideologie wat apartheid as rassediskriminasie regverdig. Dit kom op uit 'n meerderwaardigheidskompleks in die blanke en Westerse kultuur en die gesindheid lei tot die vaslê van rassediskriminasie in 'n stelsel met wette, gebruike en gewoontes, d.w.s. geïnstitusionaliseerde of statutêre rassediskriminasie. Daarvan is art. 16 van die Ontugwet 'n duidelike voorbeeld. Ontug tussen swart en bruin maak niks nie, maar tussen wit en swart of bruin is teen die wet. Mense is gevang in die tradisie van rassediskriminasie en verstaan apartheid as doel op sigself, as skeiding ter wille van skeiding. Hulle begryp nie dat dit hoogstens 'n middel tot 'n doel was en dat skeidingsmaatreëls wat op 'n tyd 'n goeie doel gedien het, soos bv. die be-

skerming van gekleurdes op ekonomiese gebied teen te sterk wit kompetisie (wat die Amerikaanse neger nie gehad het nie), mettertyd uitgedien kan raak. Wanneer die skeidingsmaatreëls afgeskaf word, ondervind mense wat dit as 'n doel beskou het, 'n probleem. Hulle meen dat beskawingswaardes daarmee verdwyn. Esterhuyse vra ook watter lig die Bybel op die verskynsel van rassediskriminasie werp. Hy bepleit kontak en kommunikasie en wys veral op die taak van die kerk en die Christen om as 'n pelgrim vir reg 'n nuwe bedeling sonder rassediskriminasie in S.A. te ontsluit.

In S A. kom rassediskriminasie in die gesindheid sowel as in die instellinge en op die wetboek voor. Die feit dat die Regering daarvan wil weg beweeg, is onomstootlik 'n bewys daarvan. Die rassisme gee aanleiding dat die wêreld, die WRK en selfs vriende teen S A. gekeer en met die kreet van rassisme gekondisioneer word. Weliswaar is daar ook diskriminasie van swart teen wit, maar Esterhuyse bespreek hoofsaaklik die omgekeerde, nl. wit teen swart. Hy voorspel groot onheil indien mense blind bly vir die euwels van rassediskriminasie of slegs bereid is om onder druk stap vir stap ad hoc toegewings te maak. Daarmee speel mense in die hande van die Marxiste en terroriste. Rassediskriminasie is op sigself binnelandse terrorisme teenoor diegene wat verongelyk word.

**Ras** bring die biologiese kenmerke soos velkleur, vorm en kleur van oë en hare, neus en liggaamsbou na vore en word bepaal deur gene in oorerwing. Daarteenoor onderskei E. die begrip **volk** as 'n verband waarin mense waardes, taal, tradisie, ervaring gemeenskaplik het. So het verskillende rastipes in die V.S.A bv. dieselfde kultuur en jy kan in kultuur opgevoed word. Jy erf nie 'n volksband biologies nie. Wanneer daar in 'n menslike samelewing of in 'n staat willens en wetens aan mense regte, voorregte en verantwoordelikhede bloot op grond van hulle biologiese raseienskappe weerhou word, het ons met **apartheid** as verwerplike rassediskriminasie te doen wat niks met volkere of kulturele verskeidenheid te doen het nie. Die stryd teen rassediskriminasie moet dus op die vlak van gesindheid sowel as op institusionele vlak aangesê word.

Sommige mense het met 'n skyn van wetenskaplikheid en in lyn met 'n tradisie wat vanaf die Grieke oor Darwin na Hitler loop kultuur aan genetiese faktore toegeskryf, asof slegs die blankes in staat is om waardevolle kultuur voort te bring. Daardeur is wit met beskawingswaarde en swart met onbeskaafdheid geassosieer. E. voer hierteen die Bybelse getuienis aan. Nêrens klassifiseer die Bybel mense volgens raseienskappe nie. Mense is nie gelyk nie, maar verskil van persoon tot persoon in baie opsigte, maar hulle is **gelykwaardig** en het dus die reg om menswaardig behandel te word. Die liefdesgebod verbied enigiets in die omgang of op institusionele gebied wat die waardigheid van 'n ander mens krenk. In die lig daarvan is apartheid verwerplik en immoreel, veral as dit met gewere afgedwing moet word. Dit is opmerklik dat die Geref. Sinode van 1961 reeds rassediskriminasie verwerp het, maar E. dit eers so skerp realiseer nadat die Alg. Sinode NGK in 1974 in dieselfde bane beweeg het. Hoe moeilik gebeur interkerklike kommunikasie tog nie!

Esterhuyse erken gevolglik ook die verskille tussen volke en mensgroepe, maar handhaaf tegelykertyd dat die verskille nie tot so 'n mate geïnstitueer mag word dat kontak tussen mense onmoontlik word nie. Elke groep mense het ook reg op beskerming van sy eie belange en op vryheid ten opsigte van elke ander groep en daarmee saam op selfbeskikking. Tog werk E.

hierdie verskeidenheid en onderskeiding nie duidelik teenoor rassediskriminasie, rassevooroordeel en rassisme uit nie. Die vraag is derhalwe of hy nie wyd misverstaan gaan word nie, nl. asof ook afsonderlike volke, state en wat hy parallelle ontwikkeling noem, ook vorme van apartheid is waarvan afskeid geneem moet word nie. Dit is immers 'n feit dat in die eertydse imperialistiese en moderne sosialistiese kringe sterk klem gelê word op die eenheid van die staat met een en enerse burgerskap vir almal. E. se konsentrasie op rassediskriminasie is die krag van sy werk, maar ook dalk die achilleshiel daarvan.

E. wil die debat oor diskriminasie stimuleer en nie 'n finale antwoord gee nie. M.i. is dit ook jammer dat hy aanvegbare stellings maak, veral wanneer hy die geskiedenis selektief en met 'n bepaalde doel bybring en bv. die verskille tussen heer/slaaf, baas/kneg, heerser/onderhorige aan die kleurfaktor wyt. Dit sou aangetoon kon word dat die Europese leenstelsel waarskynlik meer daarmee te doen gehad het sodat blanke knegte ook bekend was. Hy wil die kleurvooroordeel ver gaan haal, maar moet ietwat teensprekend toegee dat koloniste met slavinne getroud is en dat gekleurdes voor 1857 in die gemeentes lidmate was. Het hulle nie dalk self weerstand gebied teen hulle opname daar nie en met afsonderlike kerke bevrydend ontwikkel nie? Hy beweer op gesag van Van Jaarsveld dat die Boere alle swartes as barbare beskou het, maar wat van die verhouding tussen Pretorius en Mpanda, Paul Kruger en die Tswana's by Rustenburg, die Meyers en Cetswayo, die Boere onderskeiding tussen bevriende, neutrale en vyandige swart volksgemeenskappe? Uit 'n besluit van die GKSA konkludeer E. dat swartes vir Gam se nageslag gehou is, maar die dokumente omstreeks 1870—80 toon dat dit slegs by 'n identifiseerbare anti-sending groep die geval was.

Onvolledigheid en gevolglike veralgemening bly 'n probleem. E. vra tereg dat diskriminasie nie maar as 'n algemeen menslike euwel geduld moet word nie. Tog kan hy nie ander faktore ignoreer nie. Groepsvorming, groepsbewustheid, optrede en gevolglike diskriminasie kom selfs voor tussen wit en wit, bv. aanstellings uit dieselfde politieke party, kerk, familie, alma mater, ens. Soos wit-swart diskriminasie vandag die toneel oorheers, het diskriminasie tussen Engelsman en Afrikaner voor 1940 waarskynlik die politiek bepaal.

Vir my sou die werk aan krag gewen het indien E. hom by rassediskriminasie by die wit teenoor bruin mense bepaal het. Dit is duidelik dat hierdie ervaring hom as Stellenbosser naby aan die huis en veral die hart lê. Al sy konkrete voorbeelde is uit die lewensmilieu met bruinmense gegryp. Hy ly onder die breuk tussen Afrikaner en bruinman. Dit bring hom daartoe om telkens te verwys na die gemeenskaplike vaderland en patriotisme wat rassediskriminasie wreed versteur. Tog gaan van die uitsprake wat hy tereg t.o.v. bruin maak nie t.o.v. onafhanklike Xhosa, Tswana en Venda en selfs t.o.v. die Zulu, Noord-Sotho of Ciskei op nie.

Dit is jammer dat E. as filosoof nie die vraag probeer beantwoord het of ons mense by die politieke staat moet aanpas en of ons die staat by die mense aangepas moet word nie. Telkemale neem E. die staat Suid-Afrika as vertrekpunt en praat van sy mense en bevolkingsgroepe en gevolglik burgerregte. 'n Mens kan egter ook die mense en mensegemeenskap as vertrekpunt neem en dan vra watter politieke sisteem by hierdie menswerklikheid pas. Ons moet onthou dat die Unie van Suid-Afrika in 1910 staatsresultaat van die imperialisme was. Heterogene volke en state is platgevee om een burgerskap te vestig. Rassediskriminasie het juis daarom in hierdie kunsmatige politieke eenheid na vore

gekom. As die heterogene volkewerklikheid tot ons spreek, kan daar nie van een onverdeelde Suid-Afrika „met al sy mense" gepraat word nie.

Die stel van hierdie probleme bewys dat E. inderdaad die debat oor verwerplike apartheid of rassediskriminasie stimuleer, gaan die huidige Regering die moed hê om 'n stelsel te skep wat die mens-werklikheid as basis het — of gaan die politieke werklikheid domineer? Tereg waarsku E. dat die Afrikaner te veel of alles van die Regering verwag. Wat nodig is, is begrip vir die euwel van rassediskriminasie, maar ook begrip vir die ander mens in sy andersheid, sodat elke mens waardig en met respek behandel word. Ons het kontak en kommunikasie nodig om so aan te werk op 'n bedeling wat vryheid vir alle groepe waarborg sonder dat een groep 'n ander voorskryf, oorheers of benadeel. B.S.